

seëning en oorhandiging van die ringe

Die priester sê:

Mag die Here sy seën laat rus op dié ringe ✠ as teken van u blywende trou en liefde aan mekaar.

Die man steek die vrou se ring aan haar vinger en sê die volgende, waarna die vrou dieselfde doen:

N, aanvaar hierdie ring as 'n teken van my blywende liefde en trou, in die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees.

Die priester sê:

Deur die Huweliksakrament het die Here u aan mekaar gegee. Wat God saamgebind het mag geen mens skei nie. Ons dank God vandag dat Hy van u deur al hierdie jare 'n rotsvaste vesting van sy liefde gemaak het.

Here, mag *N*, en *N*, *U* loof in tye van geluk, mag hul hulself na u wend in tye van verdriet. Laat hulle weet dat *U* hulle altyd bystaan en daar is wanneer hulle *U* nodig het.

Mag God aanhou om u te seën in die jare wat voorlê en mag u, met God se hulp, mekaar na die ewige lewe lei. Deur Christus onse Here. Amen.

&



hernuwing van
HUWELIKSGELOFTES



huweliksgebed

Liefdevolle God

U het die mens na u eie beeld en gelykenis geskape,
as man en vrou het U hulle geskape

om lief te hê soos U liefhet,

om een te word soos U,

ons God, een is,

om u mede- skeppers te word

en so nuwe lewe in

die wêreld voort te bring,

om die liefde van Jesus

vir sy Liggaam, die Kerk, sigbaar te maak.

Ons smeek U om u Kerk en u volk te seën met

‘n hernude geloof in hierdie kragtige geheimenis,

met hernude hoop vir die versterking

van die Sakrament van die Huwelik

en ‘n hernude liefde om die Kerk van vandag

op te bou vir die gesinne van môre. Amen



die hernuwing van die huweliksgeloftes

Die Geloftes

Die man sê:

Ek, *N*, neem jou, *N*, nog steeds tot my vrou. Ek belowe dat ek jou trou sal bly, in voorspoed en in teenslag, in siekte en gesondheid. Ek sal jou liefhê en eer al die dae van my lewe.

Die vrou sê:

Ek, *N*, neem jou, *N*, nog steeds tot my man. Ek belowe dat ek jou trou sal bly, in voorspoed en in teenslag, in siekte en gesondheid. Ek sal jou liefhê en eer al die dae van my lewe.